# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 36 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# NASIENRIGLYNE

1. Indien ’n kandidaat meer as die verlangde aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (’n Kandidaat mag nie die literêre vraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

2. Indien ’n kandidaat in **AFDELING A** al ses vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien ’n kandidaat in **AFDELING B** en **C** twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer. Indien ’n kandidaat ALBEI die vrae in **AFDELING B** en **C** beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een literêre vraag beantwoord is.

4. Indien ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is korrek, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nommers op die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute in antwoorde van kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien die spelling die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. Indien die spelling nie die betekenis beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

7. Literêre opstel:

   Indien die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself ten opsigte van inhoud gepenaliseer het. Indien die opstel te lank is, word dit op meriete geassesseer en met die senior nasiener bespreek. Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn; daarom moet ander relevante feite ook as korrek aanvaar word. Gebruik die aangehegte rubrieke as riglyn vir die nasien van die literêre opstelle.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. By antwoorde van oop vrae word geen punt(e) toegeken vir **JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE, WAAR/ONWAAR, FEIT/MENING** nie. Die geldige rede/motivering bepaal hier die toekenning van die punt al dan nie.

# AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

### *Elegie vir ’n vriend* – Johan Steyn

**Gebruik die rubriek op bladsy 35 vir die nasien van hierdie vraag.**

<table>
<tr><td colspan="3">Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Bespreek die progressie wat in hierdie gedig voorkom in ’n literêre opstel van 200 tot 250 woorde.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Kandidate gee eie inleidingsparagraaf.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die progressie wat in hierdie gedig voorkom word in die tydsverloop gevind,</td><td>want dit beweeg van middae van uitputting en aanvaarding, na koue, afsydige aandetes, na nagte van isolasie en eentonigheid, en eindig met ’n oggend van verlore sin en rigting. Dit gee ’n donker prentjie van emosionele verval en sinloosheid.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die middag word voorgestel as ’n "sesmaal kreupel stappie" met ’n "gelate glimlag” tussenin,</td><td>want dit dui op ’n moeisame en stadige proses, moontlik ’n teken van uitputting of  gevoel van hopeloosheid wat stadig oorneem./want die "gelate glimlag" impliseer ’n vorm van hulpelose aanvaarding van die omstandighede.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die vroegaand word met ’n koue bord kos vergelyk waar die mes en vurk ver van mekaar af is en die servet netjies gestrik bly,</td><td>want hierdie is ’n beeld van ’n onvoltooide, of selfs afgekoelde, ete wat dui op isolasie/verwydering/gebrek aan interaksie/gebrek aan kameraadskap.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die nanag is ’n "kras van siellose viniel",</td><td>want dit dui op die idee van ’n herhalende, doodse patroon wat gevolg word, sonder diepte of emosie, soos die spreker se moontlike innerlike toestand.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die nanag is ’n "onaangeraakte kraffie wyn”,</td><td>want dit dui op ’n idee van eensaamheid/op die gebrek aan hoop en vervulling.</td></tr>
<tr><td>•</td><td>Die oggend is "verbleikte tekens tastend teen ’n muur," en ’n “klokslag sonder uur”,</td><td>want dit dui op verlies van rigting/betekenis/sin van die lewe./suggereer tydloosheid/verwarring.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Kandidate gee eie slotparagraaf.</td></tr>
<tr><td colspan="3" align="right">[10]</td></tr>
</table>

**EN / OF**

## VRAAG 2: LITERÊRE OPSTEL

***Die bokser* – Ernst van Heerden**

**Gebruik die rubriek op bladsy 35 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Bespreek die progressie wat in hierdie gedig, Die bokser, voorkom in ’n literêre opstel van 200 tot 250 woorde.* | | |
| Kandidate gee eie inleidingsparagraaf. | | |
| • | Die progressie in hierdie gedig word deur ’n boksgeveg uitgebeeld, | want die boksgeveg begin stadig en eindig met ’n gewelddadige uiklophou. |
| • | Die boksers se bewegings het aanvanklik balans en beheer, | want die bewegings is ritmies en soos ’n ritueel soos beskryf in "wit bors fier teen wit bors" en "die lyf word wieging – ritmies, sterk" |
| • | Die houe is tentatief en toets die teenstander, | want hulle skerm nog met mekaar. |
| • | Soos die stryd intensifiseer, verander die toon, | want die beeld van "vier donker oë blits fel en woes" wys die toenemende aggressie/die "groteske vuis se smak" dui die gewelddadigheid van die houe aan wat weerstand begin breek. Die geveg is nou ’n stryd vir oorlewing. |
| • | Die geskerm verander na ernstige houe en houdings, | want die oë van die boksers blits en hulle koes en mik soos die houe val. |
| • | Die geveg is van hier af voluit en die idee dat een bokser begin verloor is duidelik, | want die vuiste is grotesk/die bokser se weerstand begin knak. |
| • | Die progressie beweeg die gedig na ’n keerpunt en voorspel dat die bokser verslaan gaan word, | want die verwagting van ’n uitklophou word geskep deur "tog sal my mokerslag hom tref."/die profetiese oomblik vervul homself, en die bokser val, “sy beeld versplinter in die glas” |
| • | Daar is geen balans en beheer soos in die begin van die geveg nie, | want die bokser lê roerloos “en waarom flakker ligte uit …?” sluit die progressie af met die bokser wat bewusteloos is. |
| Kandidate gee eie slotparagraaf. | | |
| | | **[10]** |

**EN / OF**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***Tsunami* – Kobus de Wet**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | ’n Tsunami is ’n reuse seegolf wat alles voor dit vernietig. ✓<br>Die tsunami is deur ’n aardbewing veroorsaak. ✓ | (2) | V1/V2 |
| | | | |
| 3.2 | ellips ✓<br>Dit skep ’n dramatiese effek sodat die leser self verder aan die vernietiging/magteloosheid/vrees kan dink wat volg. ✓ | (2) | V2/V4 |
| | | | |
| 3.3 | “vergeefs is vervaard” ✓<br>Dit verwys na die verwarring en chaos wat heers ✓<br>**OF**<br>“sissende serpent” ✓<br>Die beklemtoning van die s-geluid suggereer die geruis/klank van die massa water wat alles oorneem. ✓<br>**OF**<br>“van verwoesting” ✓<br>Dit verwys na die verwoesting en verslaentheid wat heers ✓<br>[In hierdie geval moet die leerder die hele sinsnede uitskryf EN die klank op ’n manier aandui. Antwoorde soos: die v-alliterasie met geen sinsnede verdien nie die punt nie.] | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 3.4 | inkeping ✓<br>Dit versterk die boodskap dat duisende mense nie weer gevind is nie/in ’n watergraf weggeraak het. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 3.5 | “het die watermonster met volle mag<br>op weerlose wesens afgestuur ...” ✓<br>**OF**<br>“weke lank het die monster se ingewande<br>nog van oordadigheid gerammel<br>toe traag maar tevrede” ✓<br>[Enige EEN] | (1) | V3 |
| 3.6 | Ja dit is effektief, want dit klink lank en lui soos die water wat stadig en tevrede terugtrek. ✓<br>[Nee is nie ’n opsie nie.] | (1) | V4 |
| | | | **[10]** |

**EN / OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Boggomsbaai-blues* - Pirrow Bekker**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Boggomsbaai is ’n gewilde kusdorp met ’n aftree-oord.<br>Blues is ’n tipe hartseermusiek genre en word ook gebruik om depressie/hartseer uit te beeld. ✓<br>[Beide vir EEN punt.] | (1) | V3 |
| | | | |
| 4.2 | spottend/humoristies/ligsinnig ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk.] | (1) | V3 |
| | | | |
| 4.3 | Paarrym. ✓<br>Dit beeld die twee persone/karakters in hierdie verhouding, dat jy en die dood ’n paartjie is, uit. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 4.4 | “sy hart is ’n hotel” ✓<br>Die feit dat die dood altyd vir jou/almal plek het/jou nooit sal wegwys nie/altyd verwelkomend sal wees, word uitgelig. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 4.5 | personifikasie ✓<br>Dit is effektief, want die dood bly nie slegs ’n negatiewe gedagte nie, maar word ’n beste vriend/metgesel. ✓ | (2) | V2/V4 |
| | | | |
| 4.6 | ’n Mens kan nie van die dood ontslae raak nie.<br>“Bly jou lewe lank jou metgesel.” ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 4.7 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv.<br>Ja, want die dood voel nou nie meer soos die einde van die lewe nie, maar die begin van ’n vriendskap. ✓<br>**OF**<br>Nee, die dood sal altyd ’n vrees vir die mens inhou al word dit in ligte luim bespreek. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk.] | (1) | V5 |
| | | | **[10]** |

**EN / OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Genepoel* – Lucas Malan

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1 | almal/alle mense ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 5.2 | Sy/haar keel ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 5.3 | "'n gemene verbond" ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 5.4 | Inversie ✓<br>Huitjie en muitjie (die hele frase) ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 5.5 | Die mens kan nog aan sy karakter verander, maar aan die oorgeërfde gene kan ons niks doen nie en moet dit net aanvaar. ✓<br>[Beide vir EEN punt.] | (1) | V3 |
| | | | |
| 5.6 | Omarmde rym ✓<br>Ons moet ons erfenis van gene omhels/as deel van onsself aanvaar. ✓ | (2) | V1/V3 |
| | | | |
| 5.7 | Leerder se eie antwoord:<br>Ek wil graag hê dat my seun ook so 'n bos hare soos ek kry, want dan sal hy nie kaalkop word nie. ✓<br>**OF**<br>Ek wil my bakore aan my dogter oordra, want dit is in die familie en moet voortleef. ✓<br>[Enige EEN of soortgelyk. Die erfenis kan positief OF negatief wees.] | (2) | V5 |
| | | | **[10]** |

**EN / OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***Op sy branderplank*** **– Petra Müller**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | “waag hom weer” ✓ - dit verwys na die seun se waagmoed en vreesloosheid. ✓<br>**OF**<br>“see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend” ✓<br>die beklemtoning van die s-beweging wat die branderplankryer op die brander vorm./van die geluid wat die spattende water maak./van die son se hitte. ✓<br>[In hierdie geval moet die leerder die hele sinsnede uitskryf EN die klank op ’n manier aandui. Antwoorde soos: die w-alliterasie met geen sinsnede nie verdien nie die punt nie.] | (2) | V3 |
| | | | |
| 6.2 | vlug ✓ hys ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 6.3 | “vlug” beteken om weg te hardloop vir gevaar, maar ook om te vlieg. ✓ [Beide betekenisse vir EEN punt.]<br>Wanneer die ryer die brander vang, moet hy voor die brander uitvlug en die suksesvolle vlug, lei tot spoed/vryheid wat soos vlieg voel. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 6.4 | Dit beklemtoon die inspanning/moeite/stryd wat die branderplankryer ervaar om regop te bly. ✓ | (1) | V4 |
| | | | |
| 6.5 | Vrye vers/geen rympatroon nie ✓<br>Die see het geen reëls nie en is onvoorspelbaar./die ryer se rit kan nie stop as dit eers begin het nie en moet enduit gevoer word. ✓ | (2) | V1/V3 |
| | | | |
| 6.6 | Leerder se eie antwoord.<br>Ja, want water is ’n simbool vir heling en die mens vind berusting by water. ✓<br>**OF**<br>Nee, want daar is mense wat nie van die see hou nie en eerder in die bos ’n konneksie met die natuur ervaar. ✓<br>(Enige EEN of soortgelyk.) | (1) | V5 |
| | | | **[10]** |

**EN**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG**

**VERPLIGTE GEDIG**

***Draaikewers* – D. J. Opperman**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Koeplet ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 7.2 | Draaikewers. ✓<br>'n Verhouding. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 7.3 | betowering ✓<br>verbittering ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 7.4 | ellips ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 7.5 | "O" in reël 7 dui begeerte/verwondering/betowering aan.<br>[Of soortgelyk.]<br>"O" in reël 9 beeld paniek/ontsteltenis uit.<br>[Of soortgelyk.]<br>"O" in reël 13 is versugtend/verlangend/hopeloos/depressief.<br>[Of soortgelyk.]<br>**Byvoorbeeld**: Die "O" in reël 7 dui op die spreker se verwondering oor sy verhouding, maar/en die "O" in reël 9 beeld sy paniek oor die verdwyning van sy geliefde uit. ✓<br>[Enige TWEE betekenisse word bespreek vir EEN punt.] | (1) | V3 |
| | | | |
| 7.6 | "om en om" ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 7.7 | Leerder se eie respons.<br>Byvoorbeeld:<br>Ek dink dat paarrym gebruik word om die paartjie/twee persone in die verhouding uit te beeld. ✓<br>**EN**<br>Die korter versreëls is effektief, want dit dui die kortstondigheid van die verhouding aan./Die korter versreëls is effektief, want dit dui op die skielike verbreking van die verhouding/die vinnige tempo/spoed waarmee die verhouding verbrokkel. ✓ | (2) | V4/V5 |
| | | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING A: [30]** | | |

# AFDELING B: ROMAN

## VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

### *Skoenlapper* – Irma Venter

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Skryf ’n omvattende karakterbeskrywing van Tom in ’n opstel van 400 tot 450 woorde deur te fokus op sy uiterlike en innerlike konflik. Bespreek OOK hoekom Tom as ’n plat karakter in hierdie roman beskou kan word*. | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| **UITERLIKE KONFLIK** | | |
| • | Tom is ’n moeilikheidmaker, | want hy maak seker dat hy Ranna se geheime aan Alex verklap om konflik te saai. |
| • | Tom is ’n wrede moordenaar, | want hy vermoor alle mans wat in Ranna se lewe inkom. |
| • | Tom hou daarvan om onmin te saai/konflik te veroorsaak, | want hy vertel vir Alex van Ranna en Billy se verhouding./hy verklap aan Alex dat Ranna al verloof was./hy spot voor Alex hoe besig Ranna se slaapkamer is. |
| • | Tom is jaloers en afgunstig op Alex, | want hy spot Alex en vra of hy nou ook vir Ranna geval het./is kwaad vir Ranna omdat sy nie iets vir hom voel nie./vra spottend vir Ranna of sy nog in kindersnert soos liefde glo. |
| • | Tom hou nie daarvan om reggehelp/gekritiseer te word nie, | want Ranna probeer hom raad gee oor hoe om ’n motor met ratte te bestuur, maar hy kyk met moord in sy oë na haar./hy kom in ’n woordewisseling met Alex omdat hy vir die polisie van Ranna se vermoorde kêrels vertel het./hy ruk sy skouers verontwaardig toe Ranna hom aanspreek oor sy opmerkings oor haar slaapkamer. |
| • | Tom het geen respek vir sy medemens nie, | want hy probeer Ranna een aand in haar woonstel seksueel aanrand./hy stamp haar so hard agteruit dat sy op haar rug val./maak die mans in Ranna se lewe dood om haar te straf./hy skop haar teen die wang toe sy hom in haar huis betrap./hy klap haar deur die gesig nadat hy by die plaashuis inbreek. |
| • | Tom is uiters gevaarlik, | want gemaskerd breek hy by Ranna se huis in om haar aan te rand/dood te maak./breek by die plaashuis in en hou ’n mes teen Ranna se keel/boei haar hande vas/plak haar mond met kleefband toe. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Tom het ’n sluwe kant wat in die plaashuis na vore tree, | want hy trek ’n stuk kleefband met opset hard af om Alex na die kamer toe te lok. |
| **INNERLIKE KONFIK** | | |
| • | Dit is teen die einde duidelik dat Tom innerlike konflik beleef oor sy pa, | want sy pa het selfmoord gepleeg./want sy pa se selfmoord dwing hom tot moord/om Ranna te agtervolg. |
| • | Tom se innerlike konflik het grootliks te doen met Ranna, | want volgens hom het Ranna sy pa se lewe/sy lewe met haar foto’s verwoes en hy is vasbeslote om haar lewe te verwoes./want sy het nie gevoelens vir hom nie. |
| • | Tom wil wraak neem, | want Ranna se foto’s het veroorsaak dat Tom se pa verneder word/as ’n lafaard gesien word/sy werk verloor/selfmoord pleeg/homself hang. |
| • | Tom voel negatief oor sy ma, | want hy moes haar smeek vir geld om sy pa te begrawe./kan nie verstaan hoekom sy nie wou help om “vir die man wat sy een maal liefgehad het” se begrafnis te betaal nie. |
| **TOM AS PLAT KARAKTER** | | |
| • | ’n Plat karakter ondergaan nie karakterontwikkeling nie, | want hierdie tipe karakter vertoon slegs enkele idees/eienskappe/is voorspelbaar/kan nie ontwikkel nie./die leser leer slegs een sy van sy/haar karakter ken. |
| • | Tom kan in hierdie roman as ’n plat karakter beskou word, | want die leser leer slegs sy gewelddadige/wrede/sarkastiese/humeurige karakter ken./want hy toon nie karaktergroei nie./want hy tree die verhaal as ’n moordenaar in en tree as ’n moordenaar uit. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 8: [25]** |

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***Skoenlapper* – Irma Venter**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Ranna ✓<br>In die studeerkamer op die plaas. ✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 9.2 | Ranna se geboortenaam was Isabel, MAAR sy moes dit verander om van die agtervolger weg te kom. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 9.3 | Dit is ironies dat Tom oënskylik lief is vir Ranna en na regte na haar geluk wil omsien, maar hy is kwaad vir Alex omdat Ranna nie meer ongelukkig is soos dit hoort nie. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 9.4.1 | Ranna se foto was die oorsaak van Tom se pa se selfmoord. ✓<br>Ranna is nie lief vir Tom nie. ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 9.4.2 | Om Tom se aandag van Ranna af te trek, want sy mes is teen haar keel./<br>Om Tom se aandag af te trek sodat Alex hom kan bespring en die mes afvat. ✓<br>Leerder se eie antwoord:<br>Ja, want daar was geen ander manier om Tom te oorrompel nie.<br>**OF**<br>Nee, dit is heeltemal té gevaarlik en hy kon Ranna se dood veroorsaak het. ✓ | (2) | V4 |
| | | | |
| 9.4.3 | Na Ranna en Tom se verhouding wat 2 weke geduur het. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 9.5 | Tom het by Ranna se kamer ingebreek en ’n mes teen haar keel gehou. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 9.6 | Ranna wys in hierdie reël dat sy nooit opgee nie/nie meer bang is nie. ✓<br>[Of soortgelyk] | (1) | V3 |
| | | | |
| 9.7 | Alex se pa/Francois ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 9.8 | Sy weet reeds dat Alex se pa ’n vroueslaner is. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 9.9 | Tom het haar die aand van die moord ook deur die gesig geklap en haar gesig is nog seer. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 9.10 | Ranna wou reeds die plaas verlaat, maar haar motor wou weens diesel in haar petroltenk nie ry nie. Alex se pa noem dat | (1) | V1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | hy seker gemaak het dat sy langer kuier. Sy besef dat dit hy was wat die diesel in haar kar gegooi het. ✓ | | |
| | | | |
| 9.11 | Ranna wil skielik baklei omdat sy al die kwaad in haar oor Tom, haar verhouding met Alex, en haar verlede wil agterlaat/vergeet. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 9.12 | Na die aand wat sy heel moontlik haar pa (wat ook ’n vroueslaner was), ✓ vermoor het. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 9.13 | Ons leer in hierdie uittreksel dat Alex se ma haarself nooit probeer beskerm/teësit het teen haar man nie, ✓ want hy is verbaas toe Ranna hom uitdaag. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 9.14 | Dat hy nog nooit ’n vrou teëgekom wat kan terugbaklei nie/nie bang is vir hom nie./dat hy nie so braaf is as iemand (fikser as hy) hom aanvat nie. ✓ | (1) | V4 |
| | | | |
| 9.15 | Alex slaan nooit aan mense nie, terwyl sy pa sy ma konstant geslaan het. ✓<br>Ranna het ’n einde aan haar pa se aanranding gemaak, maar Alex se ma aanvaar dit gelate. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 9.16 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Ek sou haar aanmoedig om die polisie te bel ✓ en alles te vertel sodat Alex se pa ook gearresteer kan word. ✓/ Ek sou haar aanmoedig om dadelik na Alex te loop ✓ en so ’n geveg met die ou man vermy. ✓<br>[Die raad moet logies, realisties en goeie raad wees. Die raad mag tot ’n sekere mate negatief wees – gebruik eie oordeel.]<br>Bv. Ek sou haar wys hoe om ’n man met een hou uit te klop en hom op sy plek gesit het ✓ dat hy nie weet wat hom getref het nie. ✓ | (2) | V5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 9: [25]** |

**OF**

## VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

***Onderwêreld* – Fanie Viljoen**

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/ insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Eckardt se rol in die roman "Onderwêreld" is dié van die antagonis, maar hy wek tóg simpatie by die leser. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| **ANTAGONIS** | | |
| • | Eckardt is die antagonis in hierdie roman, | want hy werk teen Greg wat die hoofkarakter/protagonis is./probeer die hoofkarakter, Greg, se lewe vernietig. |
| • | Voor die leser Eckardt leer ken, is daar 'n suggestie dat hy die antagonis kan wees, | want Greg en Eckardt sien mekaar by die trappe en Greg weet dadelik dat Eckardt moeilikheid gaan maak./Eckardt reageer uitdagend op Greg se leierskap. |
| • | Greg en die leser besef eers teen die einde van die roman dat Eckardt die antagonis is, | want hy en Greg bou deur die loop van die verhaal 'n oënskynlike vriendskap op wat die leser laat glo dat die Project Nursery Rhyme-misdadigers die protagonis se vyand is. |
| • | Die hele karakter wat Eckardt aan Greg voorgestel het, was vals, | want Eckardt het 'n gefabriseerde familiefoto op sy lessenaar./want hy het gemaak of hy oor die foon met sy ouers gesels om Greg te flous./want Eckardt het by die kollege bruin hare gehad, maar toe hy Greg later konfronteer, is sy hare blond en hy het 'n "goatee". |
| • | Eckardt het Greg laat glo in 'n valse vriendskap, | want Eckardt verander van Greg se vertroueling en grootste ondersteuner na Greg se grootste teenstander deur hom te bedrieg oor wie en wat hy was. |
| • | Eckardt het met voorbedagte rade 'n vriendskap met Greg gesluit, | want hy het alles van Greg geweet voor hy by die kollege ingeskryf het.<br>["Alles" sluit in: Greg se broer se selfmoord, sy ouers, Nicole, sy punte en sy rol by die skool.] |
| • | Eckardt was vasberade om Greg te vernietig, | want hy het goed beplan en selfs die terreinbestuurder was deel van Eckardt se plan. |
| • | Eckardt het Greg se nuuskierige geaardheid gebruik om hom by kuberkrakery betrokke te kry, | want Eckardt het beplan om "social engineering" teen Greg te gebruik deur hom te "programmeer" om Project Nursery Rhyme te onthul. |
| • | Eckardt het met opset weggeraak en 'n vreemde skootrekenaar in sy kamer gelos, | want hy wou seker maak dat die polisie hulle tyd op die rekenaar mors sodat Greg genoeg tyd kon hê om Eckardt se gemene plan te volg. |

© SACAI KOPIEREG

| | | |
|---|---|---|
| • | Eckardt het kuberkrakery gebruik om seker te maak hy weet wat Greg alles uitgevind het en het kuberkrakery teen Greg gebruik, | want hy het alles wat Greg op sy rekenaar gedoen het, gevolg deur ’n “keylogger”-program te gebruik om Greg se rekenaar te “hack”. |
| • | Teen die einde verskyn Eckardt langs Greg en sy ware rol as antagonis word duidelik, | want Eckardt verskyn langs Greg en sy gemoedelike geaardheid is vervang met ’n genadeloosheid/arrogansie/hardheid./want Eckardt vertel vir Greg dat Eckardt nie sy regte naam is nie./want hy maak aan Greg bekend dat dit altyd sy plan was om Greg en sy familie te vernietig. |
| • | Eckardt vertoon ’n gemene en harde karakter, | want hy spot Greg oor die aand met die mangattoneel toe Greg “sy ou hartjie” oor hom ontferm het./want hy gooi dit voor Greg se voete dat hy sy pa vir die honde gegooi het./want Eckardt oortuig Greg om sy pa te konfronteer oor die pille waarmee John selfmoord gepleeg het./want Eckardt los Greg met die inligting oor sy pa se misdade en om sy pa daaroor te konfronteer. |
| • | Eckardt geniet Greg se pyn, | want hy vertel vir Greg nie reguit van sy pa se misdade nie, maar martel Greg emosioneel om dit self uit te werk en te besef./hy lei Greg genadeloos tot die besef van sy pa se misdade soos ’n skaakspeler wat sy opponent na skaakmat toe lei. |
| • | Die konflik tussen Greg en Eckardt neem toe, | want Greg stamp Eckardt met ’n vuis teen die bors weg van hom af./want hulle raak in ’n bloedige vuisgeveg betrokke. |
| **SIMPATIE** | | |
| • | Voor Eckardt se bedrog ontbloot word, het die leser simpatie met hom, | want Eckardt is ’n buitestander/eensame figuur./want Greg vind ’n boek oor depressie in Eckardt se kamer./want Eckardt het net soos Greg gevoel dat hulle net “clones” van hulle vaders is./want op ’n stadium is Greg bekommerd dat Eckardt ontvoer is/selfmoord gepleeg het./Eckardt word ’n droster genoem toe hy wegraak/niemand neem die verdwyning ernstig op nie/niemand is op soek na Eckardt nie. |
| • | Alhoewel Eckardt se gemene dade ontbloot word, het die leser steeds simpatie met hom, | want ons besef dat die hartseer toneel aan die begin van die roman Eckardt se pa en sy eie vrees uitbeeld./want Eckardt het, toe hy ’n kind was, gesien hoe sy pa huil en wil selfmoord pleeg./want die leser besef dat Eckardt se pa ’n |

| | | |
|---|---|---|
| | | slagoffer van Greg se pa en sy trawante was/dat Eckardt se pa deur Greg se pa en sy trawante bedrieg is. |
| • | Simpatie vir Eckardt verdiep, | want Greg vertel vir sy pa dat Eckardt daardie regter wat hulle afgepers het se seun is en selfs Greg se pa se kop ruk regop toe hy dit hoor. |
| • | Die leser sukkel om Eckardt as antagonis te haat en verstaan in ’n mate sy optrede, | want Eckardt het as kind sy pa verloor as gevolg van Greg se pa en die ander Project Nursery Rhyme-lede. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 10: [25]** |

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

***Onderwêreld* – Fanie Viljoen**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 11.1 | Xander/Eckardt en sy pa✓, die regter. ✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 11.2 | Xander/Eckardt se pa word afgepers vir sy rol in die Project Nursery Rhyme ✓ en sy gewete mergel hom uit. ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 11.3 | Denotatief: Xander se pa was betrokke by misdade wat in die **onderwêreld** van die internet beplan is. ✓<br>Konnotatief: Xander se pa se gedagtes was nie by die hede nie, maar in die **onderwêreld** van sy gewete en selfhaat. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 11.4 | Eckardt kies later vir hom ’n skuilnaam en kies die naam “Ekk-0” ✓ wat terugwys na die eggo wat hy ervaar het toe hy in hierdie situasie “pa” sê./wat verwys na sy pa se stem wat van daardie aand af in sy binneste weerklink. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 11.5 | Die brief bevat heel moontlik dié afpersbrief wat die Project Nursery Rhyme-misdadigers ✓ gebruik om hom daarvan te weerhou dat hy hulle planne bekend maak./Dit is die afpersbrief wat hom amper na selfmoord gedryf het. ✓ | (2) | V4 |
| | | | |
| 11.6 | hulpeloosheid/magteloosheid ✓<br>Hy word ’n kuberkraker en sodoende is hy in beheer van ander mense se diepste geheime. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 11.7 | Greg en sy pa, ✓die mediamagnaat. ✓ | (2) | V1 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11.8 | Dat Eckardt, Greg se beste vriend, die seun is van die regter wat hulle afgepers het/laat verdwyn het. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 11.9.1 | Project Nursery Rhyme ✓<br>[Spelling tel nie, maar al drie woorde moet genoem word.]<br>Dit behels die vervaardiging en verspreiding van gevaarlike virusse waarvoor die lede van die projek die enigstes is wat die teenmiddel ten duurste kan verskaf. ✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 11.9.2 | Die lede van Project Nursery Rhyme het hulleself "the Butcher, the Baker, the Candlestick Maker" genoem./Die "three men in a tub" sluit aan by die 3 mans wat by Project Nursery Rhyme betrokke was./ Die vraag "And who do you think they be?" sluit by die lede van die Project Nursery Rhyme aan, want niemand weet wie hulle is nie. ✓<br>[Enige EEN] | (1) | V2 |
| | | | |
| 11.10 | Hy vra sy ma <u>sag om verskoning</u> dat sy alles só moes uitvind. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 11.11.1 | <u>Albei</u> se seuns het hulle nog nooit sien huil nie. ✓<br>**EN**<br><u>Albei</u> het by die projek betrokke geraak. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 11.11.2 | Xander se pa se gewete het hom begin pla/hy wou die regte ding doen.<br>**EN**<br>Greg se pa was een van die stigters van die projek/hy het geen gewete gehad nie. ✓<br>[Albei vir 1 punt.]<br>Xander het 'n liefdevolle verhouding met sy pa./Xander verloor sy pa deur iemand anders se toedoen.<br>**EN**<br>Greg se verhouding met sy pa is gespanne/liefdeloos/ veroordelend/beskuldigend./Greg besluit self om sy verhouding met sy pa te beëindig . ✓ | (2) | V3/V4 |
| | | | |
| 11.11.3 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Ek het simpatie met Xander se pa, maar ek het nie simpatie met Greg se pa nie. Xander se pa wou op die ou end alles regstel, ✓ maar Greg se pa was 'n geharde misdadiger wat mense se lewens vernietig het/wat geld bo mense se lewens geplaas het. ✓<br>(Of soortgelyk) | (2) | V5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 11: [25]** |

**OF**

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

***Branderjaer* – Joha van Dyk**

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Reeds in die titel van die roman “Branderjaer” word die Jaers gekarakteriseer.*<br>*Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | “Branderjaer” verwys direk na die vyf vriende, | want dit is ’n sinoniem vir ’n branderplankryer en die Jaers se gunstelingtydverdyf is branderplankry./want branderplankry speel ’n groot rol in die Jaers se lewens. |
| • | Branderplankry is die Jaers se gunstelingaktiwiteit, | want die see is hulle plek van fisieke en emosionele heelwording/vryheid/ ontvlugting./want om branders te ry is ’n adrenaliensport. |
| • | Die titel “Branderjaer” beeld Jaers uit, | want dit is ’n samestelling uit twee woorde, “brander” en “jaer” wat die lewens van die Jaers opsom. |
| • | Die swel van branders is ’n vooruitwysing, | want ’n swel word gevolg met die breek van die brander op die rotse en die leser kan hom-/ haarself voorberei op die gedagte dat die Jaers gebreek word. |
| • | Die Jaers word in “Branderjaer” fisies gebreek, | want hulle is betrokke by georganiseerde vuisgevegte en word kort-kort beseer. |
| • | Die Jaers word in “Branderjaer” ook geestelik gebreek, | want elke lid van die Jaers se verlede/omstandighede dra by tot hulle emosionele skade./want hulle almal is in die laerskool geboelie./want hulle voel verantwoordelik vir Frederik se dood.<br>want Louw se pa verwerp hom omdat hy ’n ander man se seun is/is ’n alkoholis./Louw se ma het geestesprobleme na al haar miskrame/is ’n kluisenaar./Louw is gespot dat hy na vis ruik omdat sy pa ’n arm visserman is./Louw word gespot dat hy die arm seun van die huisie op die baai is./Louw wens dat sy pa nie sy pa is nie./Louw se begeerte is om uit die dorp te ontsnap./<br>want Ben bly in die onderdorp en verander sy aksent en manier van praat om dit weg te steek./want Ben se pa is vermis./want Ben kan |

| | | |
|---|---|---|
| | | die skool bywoon as gevolg van ’n krieketbeurs en hy moet hard werk anders word hy uitgesluit./<br>want Jak se pa is oorlede weens dwelmmisbruik toe hy agt jaar oud was./want Jak is in die laerskool gespot omdat hy drama neem./want Jak is self in ’n stryd teen dwelms./ want Malherbe is gespot oor sy rooi hare./want Malherbe praat nie met sy ouers nie./want Malherbe se eksmeisie het hom verneuk./<br>want Ellis is in die laerskool neergegooi, geslaan en sy gesig is in die klippe gedruk. |
| • | ’n “Brander” is ook ’n ander naam vir ’n aanmaning om skuld te betaal wat die stryd van die Jaers uitbeeld, | want hulle baklei in die ring om Kalla se bloedskuld by die Rotte af te betaal. Hulle skuld sal eers afbetaal wees wanneer hulle 18 jaar oud word. |
| • | ’n “Jaer” is iemand wat iets jaag en is gepas vir al vyf Jaers, | want hulle jaag adrenalien met gevaarlike aktiwiteite na./want daar word na hulle verwys as “mense met ’n doodswens” as gevolg van hulle gevaarlike dade./want hulle het almal iets wat hulle na vryheid laat jaag.<br>[Sien elkeen se omstandighede soos uiteengesit kolpunt 6.] |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 12: [25]** |

**OF**

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

***Branderjaer* – Joha van Dyk**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 13.1.1 | Louw verwys na sy ma se babas wat tydens miskrame gesterf het, as spoke. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 13.1.2 | Weens die pyn van die miskrame, het Louw se pa en ma begin baklei ✓ en Louw het geestesprobleme ontwikkel. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 13.1.3 | Louw dra ’n hangertjie wat hom aan sy sussies en boeties herinner. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 13.2.1 | Dat Louw belangstel in drama ✓en dat hy heeltyd voel asof hy tussen mense moet toneelspeel en nie homself kan wees nie. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 13.2.2 | Louw voel dat sy geheime vir Deidre so onverwags en so moeilik soos ’n draaibal vir ’n kolwer gaan wees om te verstaan. ✓<br>[Gebruik eie oordeel] | (1) | V3 |
| | | | |
| 13.3 | Dit is ’n groep seuns wat alles saam doen. ✓ Hulle is bekend daarvoor dat hulle adrenalien najaag en aan gevaarlike aktiwiteite deelneem. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 13.4 | Louw openbaar dat hy nie slegs by die Jaers is omdat sy ouers baklei nie ✓, maar dat hy daar is om saam met sy halfbroer te wees. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 13.5 | Louw ✓<br>Dit suggereer dat Louw nie baie van homself dink nie/dat hy dink hy is nie goed genoeg vir Deidre nie. ✓ | (2) | V1/V4 |
| | | | |
| 13.6 | Deidre probeer nie haar lag keer nie en dit wys dat hulle al gemaklik met mekaar is. / dat sy gemaklik voel om haarself voor hom te wees.<br>[Of soortgelyk.] | (1) | V4 |
| | | | |
| 13.7.1 | Deidre het gesien dat Louw en Jak baie na mekaar lyk ✓en het besef dat hulle broers is. ✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 13.7.2 | Sy ma het ’n baba (Jak) by ’n ander man as haar eggenoot gehad ✓ en Louw was bang dat dit Deidre sal skok. ✓ | (2) | V4 |
| | | | |

© SACAI KOPIEREG

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.7.3 | Cilliers Human ✓<br>[Naam EN van, spelling tel nie]<br>Hy het weens dwelms gesterf toe Jak 8-jaar oud was. ✓ | (2) | V2/V3 |
| | | | |
| 13.8 | Sy vuisgeveg. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 13.9.1 | Die hoof van die bende/die Rotte. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 13.9.2 | Die branderplankkompetisie. Louw het die prysgeld nodig om uit die dorp weg te kom/te gaan studeer/die dorp agter te laat. | (2) | V1/V2 |
| | | | |
| 13.10 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Ek sou verduidelik het dat ek in ’n moeilike situasie was en later met haar daaroor sou praat.<br>[Slegs “Die waarheid” is nie ’n opsie nie. Die antwoord moet met insig in Louw se situasie beantwoord word.] | (1) | V5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 13: [25]** |

**OF**

## VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL

***Donker web* – Fanie Viljoen**

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *In die roman “Donker web” word simboliek gebruik om sekere eienskappe met karakters en ruimtes te assosieer.*<br>*Bespreek hierdie* stelling *in ’n opstel van 400 tot 450 woorde deur te verwys na simbole onder andere die slang, die web, water, kerke en kruise.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| **SLANG** | | |
| • | Die slang word as simbool gebruik, | want dit stel gevaar/onheil/die bose voor. |
| • | Die lede van Project Nursery Rhyme word as slange voorgestel/Greg noem hulle slangkoppe, | want hulle was by onderduimse mediese sake, wat tot die dood van onskuldige mense gelei het, betrokke. |
| • | Greg noem die Baker die derde slangkop, | want die Baker is die derde persoon wat by die Project Nursery Rhyme-misdade betrokke was. |
| • | Dit is effektief om die Baker as ’n slang te simboliseer, | want die Baker is wreed omdat hy vir Xander in detail vertel hoe hulle sy pa doogemaak het./omdat hy verantwoordelik is vir sy eie neef, Rian Trollip, se dood./omdat hy verantwoordelik is vir sy medemisdadiger, Dok Pienaar, se dood./omdat hy eksperimente op hulpelose babas gedoen het om hulle brein te beheer./omdat hy daarvan hou om mense seer te maak en te sien hoe hulle pyn ervaar. |
| • | Greg dink aan Xander as ’n slang, | want hy vertrou Xander glad nie en weet hoe genadeloos Xander kan wees./want hy is bang om weer (soos in die verlede) deur Xander misbruik te word. |
| • | Die atmosfeer in Greg se huis word beskryf as ’n opgekrulde slang, | want daar is intense spanning in die huis oor Greg se pa wat in die moeilikheid is./oor Greg se aandeel in sy pa se moontlike arrestasie. |
| • | Die Canale Grande/kanaal in Venesië word beskryf as ’n slang wat deur die stad kronkel, | want hierdie kanaal hou gevaar in aangesien dit die plek is waar daar op Greg-hulle geskiet is./waar Plank vermoor is. |
| **WEB** | | |
| • | Die web word as simbool gebruik, | want dit stel verstrikking/’n vashou wat iemand of iets op ’n persoon het, voor. |
| • | Die simboliek van die web speel ’n groot rol in die roman, | want “web” kom selfs in die titel “Donker web” voor./want die titel “Donker web” verwys na die |

| | | |
|---|---|---|
| | | donker deel van die internet waar Greg verstrengel raak met die Baker/dood/gevaar/ onsekerheid/spanning. |
| • | Die web waarin Greg hom bevind het ’n houvas op hom, | want hy kan nie tot rus kom voor hy die Baker gevind het nie./want hy kies teen sy beste vriend, Plank, om met sy soeke na die Baker voort te gaan./want hy los Plank alleen in ’n gevaarlike situasie om met sy soeke na die Baker voort te gaan. |
| **WATER** | | |
| • | Water is ’n belangrike simbool, | want dit stel aan die een kant tragedie/spanning voor, maar aan die ander kant reiniging/heling. |
| • | Water is ’n simbool van lewe en dood, | want in die kerk waar Greg vir Tom ontmoet, lees hy die woorde “’n Rivier van Lewende Water”. Later is ’n hoofstuk se titel “’n Rivier van dooie water” wat op Tom se dood sinspeel. |
| • | Water is ’n simbool van hartseer/dood/tragedie/trane, | want Tom se lyk word in die Eersterivier gekry./Plank word in die kanaal vermoor. |
| • | Water stel ook bevryding voor, | want met die Baker se bloed wat met die reënwater meng, besef Greg en Xander dat hulle met hulle lewens kan aangaan./met die Baker se dood word die wêreld van ’n bose man bevry. |
| • | Water dui ook op die simboliek van sondes wat afgewas word, | want nadat Xander die Baker doodgeskiet het, gaan was hy sy hande in die water af. |
| • | Water simboliseer die nadering van onheil en spanning, | want na die einde van die roman is daar talle verwysings na wolke wat saampak, donkerder word en uiteindelik eindig in reën tydens die laaste gevaarlike ontmoeting met die Baker. |
| • | Xander se palindroom dui op reiniging, | want Xander probeer daarmee vir Greg sê dat hy sy sondes moet afwas. |
| • | Water simboliseer ook die Baker se onvermoë om sy sondes af te was, | want sy bloed meng met die reënwater nadat hy doodgeskiet is. |
| **KERKE EN KRUISE** | | |
| • | Kerke en kruise word as simbole gebruik, | want dit stel heiligheid en veiligheid voor. |
| • | Die Hagia Sophia kerk simboliseer heilige hoop, | want na talle kere wat dit afgebrand is, is dit weer herbou soos Greg/Xander ook herbou sal word. |
| • | Die kerk waarin Greg vir Tom ontmoet het, simboliseer veiligheid, | want Tom was Xander se handlanger wat Greg se familie wou vernietig/Greg is in die kerk nie so bang om alleen saam met Tom te wees nie. |

| | | |
|---|---|---|
| • | Die kerk waarin Greg vir Tom ontmoet het, dra ook by tot een van die temas van Donker web, | want daar is iets onder die donker kerkvloer begrawe soos daar in die roman vele geheime versteek is. |
| • | Die kruis in ’n kerk se venster simboliseer vir Greg hoop en veiligheid, | want toe Greg die kruis binne Duomo sien, het hy gevoel dat dit ’n teken was dat Plank veilig was. |
| **RING EN HANDGREPE** | | |
| • | Die geheime handgroet is ’n simbool daarvan om deel te wees van iets, | want die Lawson Kollege se seuns het hierdie geheime handgreep gebruik om mekaar te groet./want met Greg se laaste besoek aan sy skool, het Plank hom met die Lawson handgreep gegroet en daarmee uitgebeeld dat Greg steeds een van hulle was. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 14: [25]** |

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***Donker web* – Fanie Viljoen**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 15.1.1 | Op die Baker✓<br>Hy probeer sy skuldgevoel verlig deur die Baker te ontbloot en seker te maak dat sy pa nie alleen vir die misdade gestraf word nie. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 15.1.2 | Hy en Xander het wraak gesoek en alhoewel hulle die Baker kon ontbloot, ✓ het Greg self baie seergekry toe Plank sterf. | (2) | V3 |
| | | | |
| 15.2 | Greg besef dat Xander dalk weer met ’n “social engineering”-plan besig is en hom misbruik. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 15.3.1 | Dok Pienaar – die Butcher✓<br>Greg se pa – die Candlestick maker✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 15.3.2 | Xander het met een plan ✓sy wraak op beide Greg se pa en Dok Pienaar ✓geneem en altwee ontbloot. | (2) | V3 |
| | | | |
| 15.3.3 | Hy besef indien die Baker die video self geneem het, hy fisies deel van die moord was ✓en die teiken van Xander se wraak is. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 15.4.1 | Xander het Greg vantevore genadeloos mislei/misbruik en hy glo dat Xander dit weer kan doen. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |

© SACAI KOPIEREG

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.4.2 | Dit is waar, want Greg steek vir Xander inligting weg soos die transponder wat nie in sy hand is nie, maar in Plank s'n/steek die gebrande boekie wat vir hom gestuur is, weg. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 15.5 | Greg verwys na die lede van die Project Nursery Rhyme as slange. ✓<br>'n Slang simboliseer boosheid ✓en die drie projeklede is boos omdat hulle onskuldige mense laat sterf om geld te maak. ✓ | (3) | V1/V4 |
| | | | |
| 15.6.1 | Sy is die Baker se vrou/volgeling. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 15.6.2 | wreedaardigheid/hardvogtigheid/bloeddorstigheid✓✓<br>(Enige TWEE of soortgelyk.) | (2) | V3 |
| | | | |
| 15.6.3 | Xander het die Baker doodgeskiet en sy wil wraak neem. ✓<br>Die Baker het Greg en Xander gesoek en beplan om hulle te vermoor en Valkyrie voer die opdrag uit al is die Baker dood. ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 15.7 | "Een is dood in Venesië." ✓<br>"waar 'n bloedwolk groter en groter sprei" ✓ | (2) | V1 |
| | | | |
| 15.8 | Leser se eie antwoord.<br>Bv. Dit is baie hartseer, want Plank was Greg se grootste ondersteuner. ✓ Ek sou die boek laat eindig met Plank wat uit die hospitaal ontslaan word. ✓ | (2) | V5 |
| | **TOTAAL VRAAG 15: [25]** | | |
| | **TOTAAL AFDELING B: [25]** | | |

**EN**

# AFDELING C: DRAMA

## VRAAG 16: LITERÊRE OPSTEL

**_Mis_ – Reza de Wet**

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Konflik is die kern van elke drama en dra by tot die karakterisering van die karakters. Bespreek in ’n opstel van ongeveer 400 tot 450 woorde die innerlike konflik wat by Meisie voorkom.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| • | Meisie voel dat sy nie vryheid het nie, | want haar voorskriftelike ma, Miem, beperk haar vryheid heeltemal deur haar te verbied om die sirkus by te woon. |
| • | Meisie verset haar teen haar ma se gebiedende opdragte, | want sy weier om ’n vingerhoed te dra al steek sy haarself raak. |
| • | Meisie loer skelm na die sirkusliggies, | want Miem glo dat die sirkus boos is. |
| • | Meisie is eensaam en afgesonder, | want die alewige slegte reuk dryf haar moontlike vriende weg/het veroorsaakl dat ’n seun wat kom kuier het nie weer teruggekom het nie. |
| • | Meisie smag na die buitewêreld, | want sy luister gretig na Gertie se stories oor die sirkus./want sy het een keer na die sirkus weggeloop. |
| • | Meisie voel bang en gespanne, | want Miem praat die heeltyd oor die gevaar wat buite rondloop en haar drome wat voorspooksels van gevaar is./want sy glo dat die uile se geroep ’n slegte teken is. |
| • | Meisie is ontevrede met haar pa, | want sy moet gereeld sy slopemmer leegmaak./want sy staan effe onwillig op om die mandjie met sy kos aan die tou vas te maak. |
| • | Meisie voel skuldig, | want alhoewel sy weet dat sy nie mag nie, wil sy graag die sirkus bywoon/na die sirkusliggies kyk/na die sirkusmusiek luister/sy huil wanneer Miem haar beskuldig dat sy Miem se siekte veroorsaak het deur na die sirkus weg te loop. |
| • | Meisie het ’n vrees vir haar pa, | want sy fluister dat sy bang is vir sy benerige hand wat sy sien as hy die tou laat sak. |
| • | Meisie ervaar ongemak en skaamte, | want haar ma vertel vir Konstabel van haar goeie kookvermoë/van haar deeglikheid wanneer sy skoonmaak/van haar breë heupe./want Miem probeer Konstabel oortuig |

| | | |
|---|---|---|
| | | om aan Meisie se hare te voel./want sy vra Konstabel of hy die mis ruik. |
| • | Meisie voel onvergenoegd, | want die huiswerk hou nooit op nie/want daar is oral en altyd vlieë/want haar hande het eelte van al die harde werk. |
| • | Meisie baklei teen die versoeking om na die sirkus musiek te luister, | want sy smeek Konstabel om die venster toe te maak, maar begin later saam met die musiek dans. |
| • | Meisie gee toe aan Konstabel se verleiding, | want sy wil eintlik na die sirkusmusiek luister/sirkus toe gaan. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 16: [25]** |

**OF**

## VRAAG 17: KONTEKSTUELE VRAAG

***Mis* – Reza de Wet**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 17.1.1 | Gertie is 'n onderwyseres by die skool. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 17.1.2 | "leertassie" ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 17.1.3 | Preuts/behoorlik/opgevoed/outyds✓✓<br>[Enige TWEE] | (2) | V3 |
| | | | |
| 17.1.4 | Die koue het haar asem weggeslaan.<br>Sy het uit die wind/donker probeer uitkom.<br>Sy is vreesbevange. ✓✓<br>[Enige TWEE. Slegs "moeg" is nie aanvaarbaar nie.] | (2) | V2 |
| | | | |
| 17.2.1 | sirkusmusiek✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 17.2.2 | Sy glo dat die sirkus boos is ✓en die sirkusmusiek bring die sirkus in haar huis in. ✓/<br>Sy glo dat die sirkus verantwoordelik is vir die ontvoerings die afgelope twee jaar ✓ en die sirkusmusiek herinner haar die heeltyd daaraan. ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 17.2.3 | Hierdie beskrywing beteken dat iets leeg en oppervlakkig is. ✓<br>Miem vergelyk die sirkusmusiek met klinkende simbale, want volgens haar lok die sirkusmusiek mense na die bose sirkus toe waar hulle verlei kan word. ✓<br>[Of soortgelyk] | (2) | V4 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17.3.1 | Gespanne<br>afwagtend<br>vreesbevange ✓<br>[Of soortgelyk]<br>Die vroue is bang vir hierdie spesifeke nag, want dit is die datum waarop twee meisies die afgelope twee jaar ontvoer is. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 17.3.2 | Onheil<br>dood<br>'n waarskuwing✓ | (1) | V4 |
| | | | |
| 17.3.3 | die geluide/gewaai van die wind✓<br>die geklap van Gertie se huis se luike/die gekraak van Gertie se huis✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 17.4.1 | Verskil: Miem is gebiedend, maar Gertie is onderdanig. ✓<br>Ooreenkoms: <u>Beide</u> is bygelowig. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17.4.2 | onderdanigheid✓<br>Meisie doen alles wat Miem haar beveel om te doen en antwoord net "Ja, Ma." ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 17.5 | Miem was vasbeslote om te sorg dat sy, Gertie en Meisie veilig is, ✓ MAAR sy nooi 'n vreemde man in die huis in en moedig die man aan om in Meisie belang te stel. ✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 17.6 | Miem en Gertie is beide plat karakters, want hulle toon geen karaktergroei nie. ✓<br>Meisie is 'n ronde karakter, want haar karakter verander en sy groei✓ van 'n vreesbevange, onsekere meisie na 'n spontane/sensuele vrou. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 17.7 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Nee. Miem is die beste ma, want Meisie het iemand met 'n sterk persoonlikheid nodig om na haar te kyk. ✓<br>**OF**<br>Ja. Gertie sal 'n beter ma wees, want sy is 'n onderwyseres en sal Meisie blootstel aan meer as net die huis en die mis. ✓ | (1) | V5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 17: [25]** |

**OF**

**VRAAG 18: LITERÊRE OPSTEL**

***Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs 'n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Skryf 'n omvattende karakterbeskrywing van Map Jacobs in 'n opstel van 400 tot 450 woorde EN bespreek hoekom Map as 'n ronde karakter in hierdie drama beskou kan word.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| **KARAKTERBESKRYWING** | | |
| • | Map het van kleins af mense na hom toe aangetrek, | want as kind was hy onskuldig en liefdevol. |
| • | Map is 'n goeie leier, | want hy word die leier van drie bendes. |
| • | Map word maklik beïnvloed, | want as leier van die bende gee hy toe aan die/hulle druk en keur sy suster se verkragting goed./want hy word deur die apostel beïnvloed om vergifnis te vra/'n Christen te word. |
| • | As bendeleier is Map wreed en ongenaakbaar, | want almal vrees hom en hy kry die bynaam "die vark" onder sommige van die lede van die gemeenskap. |
| • | Map is trots en het 'n grootheidswaan, | want hy wil nie die werk as bloot net 'n bode aanvaar nie. |
| • | As trotse/arrogante leier aanvaar Map verantwoordelikheid vir sy bende se dade, | want hy gee hom oor aan die polisie na die moord op sy suster/verkragting van sy ma. |
| **RONDE KARAKTER** | | |
| • | Map is 'n ronde karakter, | want hy toon karaktergroei en ontwikkeling. |
| • | In die tronk is hy gehoorsaam en gedissiplineerd, | want hy word in aanmerking geneem vir vroeë parool. |
| • | In die tronk word Map ten goede beïnvloed, | want hy gee toe aan Apostel George se invloed en kom tot bekering. |
| • | Map se bekering het hom verander, | want dit lei tot 'n nederige aanvaarding van sy skuld. |
| • | Hy is nie meer gewelddadig nie , | want hy glo nie meer dat kwaad met kwaad vergeld moet word nie. |
| • | Hy is weereens 'n liefdevolle mens, | want hy tree versorgend teenoor sy ma op/teenoor Blanchie op nadat haar pa oorlede is. |
| • | Map gebruik sy leierseienskappe, | want hy neem sy plek as leier in die gemeenskap op 'n positiewe manier oor. |
| • | Map word weer Johnnie, | want Johnnie het intense berou oor sy dade getoon wat gelei het tot sy ommekeer en veranderde leefwyse. |

© SACAI KOPIEREG

| | | |
|---|---|---|
| • | Johnnie verras die gemeenskap, | want almal het gedink dat hy "sou maak of breek" wanneer hy uit die tronk kom, maar hy kies om eerder te vergewe en besluit om nie kwaad met kwaad te vergeld nie. |
| • | Johnnie leef sy nuwe Christenskap uit, | want hy keer nie terug na sy vorige bendebedrywighede nie./hy vergewe Blanchie en word haar steunpilaar./kry vergifnis by sy ma en word uiteindelik vry. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 18: [25]** |

**OF**

## VRAAG 19: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 19.1 | Die man by wie Blanchie slaap/wat vir haar modelwerk in Parys belowe het. ✓<br>Blanchie gaan nie meer die modelwerk in Parys kry nie. ✓ | (2) | V1 |
| 19.2 | Sonder Blanchie se voorgenome werk ✓in Parys gaan hulle nie genoeg geld hê om uit die township weg te trek nie. ✓ | (2) | V3 |
| 19.3 | Om uit die township weg te trek/na 'n beter buurt te trek. ✓ | (1) | V3 |
| 19.4 | Cavernelis verkoop damesonderklere vir 'n ekstra inkomste. ✓<br>Maud maak klere en verkoop dit vir 'n ekstra inkomste. ✓<br>Blanchie verkoop haar lyf vir 'n ekstra inkomste. ✓ | (3) | V1 |
| 19.5 | Cavernelis was bereid om sy dogter aan mans te verkoop✓ en pleeg selfmoord toe dit nie uitwerk nie. ✓ | (2) | V3 |
| 19.6.1 | Hy is 'n goeie man/he's a good man. ✓<br>Cavernelis was 'n goeie man wat vir sy familie 'n beter lewe in 'n beter huis wou gee, maar hy dra ook die skuld dat Blanchie haar lyf verkoop en het dit goedgekeur. ✓ | (2) | V2/V3 |
| 19.6.2 | Dit beklemtoon die feit dat al het Cavernelis sy dogter verkoop✓ hy wel 'n goeie man was wat vir sy familie 'n beter lewe wou gee. ✓ | (2) | V3 |
| 19.7 | Hy besef dat hy nooit uit die township kan wegkom nie. ✓Dit sluit aan by die tema van die lot van mense wat in 'n uitsiglose lewe vasgevang is en nie daar kan uitkom nie. ✓ | (2) | V2/V3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19.8 | Hy pleeg selfmoord en ontsnap só uit sy omstandighede. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 19.9 | Cavernelis werk hard en hoop deurgaans vir ’n kans om beter te kan lewe terwyl Map weier om nederige werk te doen en homself deel maak van die township deur die kaptein/leier van ’n bende te wees. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 19.10 | Hy besluit om Blanchie te vergewe/om sy ma om vergifnis te vra. ✓<br>Hierdie besluit bring vrede en vreugde in sy ma en Blanchie se lewe. ✓ | (2) | V1/V3 |
| | | | |
| 19.11 | Nee, want Maud en Blanchie moet nou alleen in die township probeer oorleef ✓en gaan emosioneel baie swaarkry om sy selfmoord te aanvaar/gaan altyd die seer van sy dood moet dra. ✓<br>(Ja is nie ’n opsie nie.) | (2) | V4 |
| | | | |
| 19.12 | Alhoewel Cavernelis as ordentlik beskryf kon word, neem hy die maklike uitweg en los sy mense in ’n slegter toestand agter, en Map wat sy familie amper vernietig het, lewe voort met hoop en liefde. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 19.13 | Haar dogter se dood/haar eie verkragting deur Map se bende.✓<br>Johnnie moes om vergifnis vra/sy moes Johnnie kon vergewe.✓ | (2) | V1 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 19: [25]** |

## VRAAG 20: LITERÊRE OPSTEL

### *My Japan* – Schalk Schoombie

**Gebruik die rubriek op bladsy 36 vir die nasien van hierdie vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| Die volgende is slegs ’n breë raamwerk van feite. Wees bedag op gepaste/geldige/ sinvolle/insiggewende feite wat nié hier opgeneem is nie. | | |
| *Die ruimtes in hierdie drama dra beide positief en negatief tot Ilse se innerlike konflik by. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.* | | |
| Kandidate gee eie gepaste inleidingsparagraaf. | | |
| **HAAR HUIS** | | |
| • | By die huis is Ilse vol angs en spanning, | want sy word daagliks aan die dood van haar broer herinner. |
| • | Ilse se skuldgevoelens word in die huis lewend gehou, | want sy dink nie sy het haar plig as oppasser nagekom nie en dit het haar boetie se dood veroorsaak. |
| • | In die huis voel Ilse negatief/hartseer/gefrustreerd, | want sy en haar ma sit gedurig vas en kan oor niks saamstem nie. |
| • | Ilse se hartseer/eensaamheid word deur die huis beklemtoon, | want die huis is vir Ilse ’n simbool van haar ouers se skeiding en haar pa wat hul verlaat het. |
| • | In hierdie huis sien ons ’n ommekeer in die ma-dogter-verhouding, | want dit is hier waar Ilse en haar ma mekaar uiteindelik weer vind/vertrou en waar hulle die keerpunt bereik. |
| • | Ilse vind in haar huisruimte weer vrede, | want sy en haar ma, as twee gebroke karakters, begin praat en word heel. |
| **HAAR SKOOL** | | |
| • | Die L-bende veroorsaak spanning en konfllik by Ilse, | want hul oppervlakkigheid irriteer Ilse wat iemand is wat alles bedink en probeer sin maak uit die negatiwiteit van haar omstandighede. |
| • | In die skoolruimte word Ilse as ’n buitestander beskou, | want sy en Elzette is die kinders wat nie deur die res aanvaar word nie/wat selfs deur die onderwysers as buitestanders uitgewys word. |
| • | Ilse se empatie word in die skool uitgebeeld, | want dit is hier waar sy Elzette probeer verstaan en ondersteun. |
| • | In die skoolruimte sien die leser Ilse se chaotiese/gebroke/traumatiese gemoedstoestand, | want Ilse val flou tydens haar toespraak oor die tsunami in Japan. |
| **JAPAN** | | |
| • | Japan bied aan Ilse vryheid, | want sy droom om weg te kom van haar Suid-Afrikaanse omstandighede en wil by haar niggie gaan aansluit om daar te werk. |
| **HAAR JAPAN/ONTVLUGTINGSWÉRELD** | | |

| | | |
|---|---|---|
| • | Japan raak Ilse se veilige geestelike ruimte, | want sy kan in haar kop daarheen vlug om van die aardse werklikheid te ontsnap/want hier kan sy vir haar ’n skynwêreld/utopia skep wat heeltemal verskil van haar gesinslewe./want hier is niemand vir haar kwaad nie/baklei niemand nie en kan sy net die mooi ervaar./want hier is haar ouers gelukkig, spandeer haar pa tyd saam met haar en is haar ma ’n goeie huisvrou wat tee maak. |
| Kandidate gee eie gepaste slotparagraaf. | | |
| | | **TOTAAL VRAAG 20: [25]** |

**OF**

## VRAAG 21: KONTEKSTUELE VRAAG

***My Japan* – Schalk Schoombie**

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 21.1 | sarkasties/beledigend/ongenaakbaar/veroordelend✓✓ | (2) | V2 |
| | | | |
| 21.2 | Ooreenstemming: beide is hardkoppig/bakleierig✓<br>Verskil: Ilse se ma is was nog altyd onafhanklik, want haar ouers het haar met niks gehelp nie. ✓ Ilse is afhanklik van haar ma, want haar ma help haar aantrek. ✓/ Ilse se ma is altyd voorbereid vir werk, want sy noem dat daar baie beplanning vir vandag in haar werk ingegaan het, ✓ terwyl Ilse onvoorbereid is en improviseer. ✓ | (3) | V3 |
| | | | |
| 21.3 | Ilse se ma voel dat Ilse se pa ook ondankbaar was, want hy het haar gelos vir iemand anders. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 21.4 | Haar Japan se gesin baklei nie en beide ouers is by die huis betrokke, terwyl haar regte gesin altyd vol struwelinge is en haar pa afwesig is ✓ EN haar pa is nie betrokke in haar lewe nie, maar in haar Japan spandeer hy tyd saam met haar en leer haar. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 21.5.1 | Sy wil hê dat Ilse in die bemarkingsveld moet ingaan. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 21.5.2 | Ilse wil in Japan gaan werk. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 21.6 | Alhoewel Ilse se ma dit duidelik maak dat die skoolwerk Ilse se verantwoordelikheid is, hou sy heeltyd aan om Ilse, teen haar sin, te help. ✓ | (1) | V3 |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 21.7.1 | Danie✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 21.7.2 | Hy het tydens ’n storm in die stormpyp verdrink. ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 21.7.3 | Sy werk aanhoudend. ✓ | (1) | V2 |
| | | | |
| 21.8 | Die tsoenami – die pyn en leiding van die ma’s wat hulle gesinne in die tsoenami verloor het./Ilse se ma het besef dat sy Ilse kan verloor✓ | (1) | V3 |
| | | | |
| 21.9 | Ilse se ma dink nie meer net aan Danie se dood nie✓, maar besef al het sy haar seun verloor, sy ’n dogter het vir wie sy lief kan wees. ✓ | (2) | V3 |
| | | | |
| 21.10 | “My liewe boekwurm.” ✓ | (1) | V1 |
| | | | |
| 21.11 | Deur sy ma se woorde/dialoog/uit die oog van ’n ander karakter. ✓<br>Hy het oral opgeklim/hy het nooit stilgesit nie. ✓ | (2) | V1/V2 |
| | | | |
| 21.12 | Dat Ilse lank op hierdie oomblik gewag het ✓en dat sy nie so volwasse/selfstandig is as wat sy voorgee nie. ✓ | (2) | V4 |
| | | | |
| 21.13 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Ek dink dit is nie gesond nie, want sy sal met hierdie metode nooit leer hoe om konflik te hanteer nie. ✓ | (1) | V4 |
| | | | |
| 21.14 | Leerder se eie antwoord.<br>Bv. Ja ek dink so, want Ilse was bereid om haar Japan vir haar ma op te gee ✓en sal hard werk om dit so te hou. ✓<br>[Nee is nie ’n opsie nie.] | (2) | V5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 21: [25]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING C: 25** |
| | | | **GROOTTOTAAL: 80** |

## AFDELING A: GEDIG: OPSTEL [10 PUNTE]

| Inhoud | Uitstekend | Goed | Bo-gemiddeld | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 0−1 |
| Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks. | Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik. | Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun. | Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee. | Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun. | Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun. | Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie. | Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie. |

| Struktuur en Taal | Uitstekend/Bo-gemiddeld | Goed | Ondergemiddeld/Swak |
|---|---|---|---|
| | 3 | 2 | 0−1 |
| Logiese vloei en aanbieding.<br>Toon- en stylgebruik in opstel. | Uitstekende en samehangende struktuur.<br>Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik, toon en styl is uitstekend.<br>Inleiding en slot vorm ’n afgeronde geheel met die inhoud. | Basiese struktuur en vloei/ samehang in opstel.<br>Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig.<br>Redelike inleiding en slot. | Struktuur toon swak beplanning.<br>Argumente word nie logies gestruktureer nie.<br>Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie.<br>Geen inleiding en slot nie. |

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B EN C: ROMAN EN DRAMA: LITERÊRE OPSTEL [25 PUNTE]

| Inhoud | Uitstekend | Goed | Bo-gemiddeld | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 14−15 | 12−13 | 10−11 | 8−9 | 6−7 | 4−5 | 0 − 3 |
| Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, Verantwoordbaar-heid en insig in teks. | Uitstekende begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik. | Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun. | Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre. Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie. | Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer. | Basiese begrip van inhoud en strekking van genre. Weinig feite met motiverings word gegee. | Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre. Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings. | Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie. ’n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie. |
| **Struktuur en taal** | **Uitstekend** | **Bo-gemiddeld/Goed** | | **Gemiddeld** | **Ondergemiddeld** | | **Swak** |
| | 9−10 | 7−8 | | 5−6 | 3−4 | | 0 − 2 |
| Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel. | Samehang-ende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre. | Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend. Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | | Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot/geen inleiding slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas. | Basiese toon van struktuur. Gebrekkige inleiding en slot is gegee. Taalfoute is beduidend en paragrafering is foutief. | | Geen toon van bewyse van struktuur nie. Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie. Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente. |

© SACAI KOPIEREG